



Oosie N U U S



ONS OOSIE WÊRELD

04/2025

31 Januarie 2025

BOODSKAP UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

TOP SKOOL IN DIE HELE TSHWANE NOORDDISTRIK

Dit is 'n voorreg, 'n eer en met trots dat ek aankondig dat Oos-Moot tydens die Tshwane Noord prysuitdeling aangewys is as die top skool in Tshwane Noorddistrik 2024.

Ons het die volgende pryse losgeslaan:

- 100% slaagsyfer.
- Skool met die meeste leerders wat met universiteitstoelating geslaag het (*Bachelors passes*).
- Beste skool in Tshwane Noord Circuit 1.
- Top 10 skole in Tshwane Noord.
- Zani Engelbrecht is aangewys as die beste leerder in Verbruikerstudies en ontvang 'n skootrekenaar en 'n tablet.
- Christiaan Morris ontvang die "Against All Odds" toekenning, 'n skootrekenaar, tablet en 'n studiebeurs.

Shani Rademeyer, Overkruin se hoofdogter vir 2024 en nou ook 'n onderwysassistent by ons skool het die toekenning ontvang as die top Visuele Kunsleerder in die distrik. Ons is trots om haar in 2025 as deel van ons Oosie-personeel te hê.

Die Groentjiekonsert was 'n reuse sukses, alles het mooi afgeloop en ons het 'n rekordgetal ouers en ondersteuners by ons konsert verwelkom. Dit maak my hart warm om te sien hoe ons skool nie net akademiese prestasies kan vier nie maar ook ons talent in ander areas soos musiek.

Ons kan nie anders as om opreg dankbaar te wees vir die deurlopende ondersteuning en toewyding van ons leerders, ouers, personeel en ons borge nie.

Mag ons steeds groei, saamwerk en mekaar inspireer om die beste van onself te gee.

Met trots en dankbaarheid

Oos-Moot groete

S Theron

Toesighoudende hoof

BELANGRIKE DATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN GRAADVOOGDE/-HOOFDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se [webwerf](#). Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

BELANGRIKE DATUMS

- 3 Februarie : Tienertoneel oudisies
- 4 Februarie : Rasieleier oudisies
- 4 Februarie : Kunsklub begin
- 4 Februarie : Revue ouervergadering
- 6 tot 9 Februarie : Swem - Midmartoer
- 8 Februarie : Mnr en Mej Oos-Moot finalistebal
- 15 Februarie : Valentynsbal
- 19 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.10 tot 12-leerders
- 21 Februarie : Rolbal OPEDAG
- 24 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.8 en 9

BELANGRIK

- **Met verwysing na die POPIA Wet (Beskerming van persoonlike inligting) wil ons leerders, ouers en personeel daaraan herinner dat *PERSOONLIKE KONTAKNOMMERS NIE UITGEGEE MAG WORD*, tensy die persoon aan wie die nommer behoort *PERSOONLIK TOESTEMMING* daartoe verleen het.**
- Maak asseblief gebruik van die skool se telefoonnommer, e-posadres of personeel se skool e-posadres soos beskikbaar op die skool se webwerf.

KONTAKBESONDERHEDE E-posadres vir die res van die personeel is op die skool se webwerf.	GRAADVOOGDE Afwesighede en die uitteken van leerders word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers.
Hoof: Me Susan Theron (diehoof@oos-moot.co.za) Adjunkhoof: Me Hanlie van Staden (vanstadenh@oos-moot.co.za) Adjunkhoof: Mnr Fraser Parker (f.parker@oos-moot.co.za) Dissipline: Me Mariane Haasbroek (c.haasbroek@oos-moot.co.za) Maatskaplike werker: Me Janine Olivier (j.olivier@oos-moot.co.za) Finansies en Oosie-klerewinkel: Me Annalize Jacobs (finansies@oos-moot.co.za) Bemaking: Me Chriselda Meyer (bemark@oos-moot.co.za) Kultuur: Me Lee Bouwer (kultuur@oos-moot.co.za) Sport: Mnr Braam Pretorius (sport@oos-moot.co.za) Klerebank: Me Karin Badenhorst (klerebank@oos-moot.co.za)	Graad 8 - Me Janine Botha (j.botha@oos-moot.co.za) of 079 207 4415 Graad 9 - Me N Pfeil (n.pfeil@oos-moot.co.za) of 066 416 6252 Graad 10: Me T Ferreira (Kw.1) (t.ferreira@oos-moot.co.za) of 064 884 6059 Graad 10: Me Z de Klerk (Kw. 2,3,4) (z.deklerk@oos-moot.co.za) of 064 884 6059 Graad 11: Me M Gillies (m.gillies@oos-moot.co.za) of 079 207 0022 Graad 12: Me S van der Merwe / Me M Grové (m.grove@oos-moot.co.za) of 079 208 4632

Raadpleeg asseblief altyd eers die skool se nuusbrieff en webwerf indien u na belangrike inligting op soek is.

FINANSIES**Betalings en projeknommers**

Ons wil graag die inbetalingsproses ten opsigte van toere, akiwiteite, ensovoorts vir ouers vergemaklik en gee hiermee die volgende projeknommers en verwysings vir betalings deur:

Aktiwiteit	Projeknommer
Hokkietoer Krugersdorp (dogters)	P352 + Familiekode
Hokkietoer 1ste-span (dogters)	P351 + Familiekode
Hokkietoer Bethlehem	P350 + Familiekode
Rugby toer George	P342 + Familiekode
Rugby toer Camp Discovery	P341 + Familiekode
Veldskool	P356 + Familiekode
Matriekafskeid	MA+leerder naam en van
Revue	Revue+leerder naam en van
All Stars	All Stars+leerder naam en van

DISSIPLINE**Gedragkode****Gereelde hersiening van die gedragkode**

Ons moedig alle ouers aan om elke week saam met hul kind deur die skool se gedragkode te werk. Dit help om seker te maak dat leerders bewus is van die reëls en verwagtinge, en dit bevorder 'n positiewe skoolomgewing. Deur hierdie reëls gereeld te bespreek, kan ons almal saamwerk om dissipline en respek binne die skool te handhaaf. Dankie vir almal se ondersteuning! Sien ook die [webwerf](#).

Rook – Nikotiensakkies (gevaar)

Volgens studies van KANSA gebruik 16,8% van jongmense vanaf die ouderdom van 15 en ouer in Suid-Afrika tabakprodukte en tussen die ouderdomme van 13 en 15 jaar gebruik altesaam 21,5% tabakprodukte (seuns 24,3% en dogters 19%).

Die Wetsontwerp op Beheer van Tabakprodukte en Elektroniese Afleweringstelsels van 2018 poog om die bedryf en minderjarige gebruik van hierdie tipe produkte te reguleer. In afwagting van die finalisering van bogenoemde wetgewing is ons egter bekommerd oor 'n relatief nuwe en gewilde neiging onder leerders in skole: nikotiensakkies.

Nikotiensakkies is wit sakkies wat gewoonlik van plantvesel gemaak word. Hierdie sakkies bevat onder andere nikotien, maar gewoonlik nie in die vorm van tabakblare, tabakstof of -stingels in nie.

Die nikotien kan óf van tabakplante afkomstig wees óf dit kan sinteties wees. Nikotiensakkies word beskryf as óf soortgelyk aan óf 'n tabakvrye weergawe van "snus".

Nikotiensakkies, ook genoem "snus" of "klein lipkussings" het onlangs gegroei in gewildheid onder leerders. Hierdie groei word aangevuur deur dieselfde soort sosiale media bemerking wat aanleiding gegee het tot die epidemie van die gebruik van "vapes" onder leerders. Die nikotiensakkies word ook aanlyn bemark onder die handelsmerke "Zyn", "Velo", "Klint, White Fox, Cuba, Fix en Siberia". Die sakkies is ook beskikbaar in geure wat gunsteling onder minderjarige is, naamlik: pepperment, menthol, sitrus, koffie, bessie, mango, "maxfreeze" en kaneel. Die nikotiensakkies deel baie van die eienskappe wat "vapes" en hul nabootsers so aantreklik vir leerders gemaak het. Omdat die sakkies binne-in die mond tussen die lip en tandvleis geplaas word, kan dit versteek word tydens gebruik in skool, tydens klasse en in ander openbare plekke. Dit is selfs makliker om te versteek as "vapes", aangesien die gebruiker geen dampe vrylaat in die nabye omgewing nie.

Nikotiensakkies soos Velo of Zyn word teen 'n sterkte van tussen 3mg en 10mg elk verkoop, met tussen 10 en 15 in 'n blik. 'n Sigaret, daarenteen, lewer ongeveer 1,5 mg nikotien per sigaret. **Die gebruik van nikotiensakkies hou dus, weens sy sterkte, baie groot gesondheidsrisiko's in.**

Dit is noodsaaklik om in gedagte te hou dat nikotien 'n verslawende stof is. Nikotienblootstelling kan verskeie nuwe effekte tot gevolg hê. Dit sluit in duiseligheid, hoofpyn, naarheid en buikkrampe, veral onder leerders wat nie normaalweg rook of damprook nie.

JAARBLAAIE 2024

Daar is nog 'n beperkte aantal ekstra jaarblaaie van 2024 beskikbaar. Ouers wat belangstel om nog een te koop kan mev Koelman kontak per e-pos (koelmanm@oos-moot.co.za).

FOTO'S

Akademiese prysuitdeling (29 Januarie)

Ouers wat belangstel in die foto's van die prysuitdeling kan me M Koelman per e-pos kontak (koelmanm@oos-moot.co.za).

GRAAD 8-OOSIES

Groentjekonsert video-opname

'n Video-opname van die konsert sal beskikbaar wees en kan direk by die vervaardigers bestel word. Bestelvorm is beskikbaar by me M Gillies (K97) en in die saal voor die onderskeie opvoerings.

Boogstap

Na afloop van die Groentjekonsert sal die "modderspatsels" op 7 Februarie na die boogstap (gedurende skoolure en slegs vir leerders) volwaardige Oosies wees.

BELANGRIK: SKOOL SE NUWE BANKBESONDERHEDE

ALLE betalings moet NOU in die FNB rekening gemaak word.

Rekeningnaam	:	Hoërskool Oos-Moot
Bank	:	First National Bank (FNB)
Rekeningnommer	:	63124628041
Takkode	:	210835

SKOOLBUSVERVOER

Die skool beoog om skoolbusvervoer te verskaf vir die volgende roetes. Die skrywe in hierdie verband is op die skool se [webwerf](#) beskikbaar. Die skeurstrokies moet voor of op 3 Februarie ingehandig word by mnr F Parker (Adjunkhoof).

Roete 1:

Tuine/Mayville/Wonderboom

Tydperk : 3 maande proeftydperk.

Inwerkingtredingsdatum : 3 Februarie 2025

Koste (Vooruitbetaalbaar) : R700 per leerder per maand (slegs een rit in die oggend of middag).
R1200 per leerder per maand (oggend- en middagrit).

Betaling : Aan die begin van die maand.

Roete 2:

Kameeldrift/Montana

Verskeie navrae is ontvang ten opsigte van die implementering van hierdie roete wat vir later beoog word.

Enige navrae kan gerig word aan mnr F Parker (f.parker@oos-moot.co.za).

PARKERING OP DIE SKOOLTERREIN TYDENS FUNKSIES EN AKTIWITEITE

Parkeerareas

Ons vra vriendelik dat ouers tydens funksies en ander aktiwiteite asseblief gebruik maak van die oop parkeerarea langs die skoolsaal. Hierdie area is gerieflik geleë en help om verkeersvloei rondom die skool te verbeter.

Afdakke

Die parkering onder die afdakke op die skoolterrein is personeelparkerings, en ons versoek dat ouers asseblief nie op hierdie plekke parkeer nie. Dankie vir almal se samewerking.

VEILIGHEID VAN ONS LEERDERS

Dit het onder ons aandag gekom dat sommige leerders weer op die sypaadjie voor die skool vir hul ouers wag – soms selfs met hul voete in die pad. Dit is uiters gevaarlik, aangesien die strate rondom die skool baie besig is. 'n Enkele uitswaai van 'n motor kan ernstige beserings veroorsaak.

Ons doen 'n dringende beroep dat alle leerders binne die skoolterrein vir hul ouers wag. Buiten die verkeersgevaar, is daar ook 'n veiligheidsrisiko – leerders is al van hul selfone beroof en is kwesbaar vir moontlike ontvoering.

Dankie vir almal se samewerking om ons leerders se veiligheid eerste te stel.

VALENTYNSBAL

Ons nooi ons **Oosie-leerders** na die Valentynsbal. Moet dit nie misloop nie!

Dit is tyd vir hulle om hul mooiste uitrusting aan te trek en 'n aand van musiek en dans te kom geniet. Oosies moenie hierdie spesiale geleentheid misloop nie!

Datum : 15 Februarie
Tyd : 18:00 tot 22:00
Plek : Skoolsaal
Kaartjies : Enkel (R150 per leerder – sluit ligte ete in) by finansieskantoor
Paartjies (R200 per paartjie – sluit ligte ete in) by finansieskantoor
Rose (R50) en sjokolade (R30) op bestelling by me M Pretorius (k72)

OOSIE-KLEREWINKEL

Ouers word vriendelik herinner dat die skool se Oosie-winkel skooldrag te koop aanbied. Die winkel se nuwe bedryfsure is:

Dae : Maandae tot Vrydae
Tye : 07:00 tot 16:00
Kontaknommer : 060 276 1396
Kontakpersoon : Altie



SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van 'n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se [webwerf](#) geplaas word (soos dit ontvang word).

Atletiek

[Programme en uitslae](#) word op die skool se webwerf geplaas sodra beskikbaar.

Die datums vir die komende byeenkomste is soos volg:

Datum : 31 Januarie 2025
Byeenkoms : Abrie van Staden
Plek : Garsfontein
[Toegangskaartjies](#) : [Volg die skakel](#)

Algemene inligting (wegbyeenkomste)

- Atlete word per bus vervoer na die byeenkomste.
- Atlete is verplig om met dié busse te ry na die byeenkomste.
- Atlete moet 'n voltooide toestemmingsbrief/vrywaringsvorm inhandig voor hul toegelaat word om van die busvervoer gebruik te maak.
- Atlete wat met die bus ry teken nie uit nie (uittekenprosedure).

- Atlete neem deel in die skool se amptelike atletiekdrag (tuis- en wegbyeenkomste). In die geval waar 'n atleet nog nie atletiekdrag het nie mag hul deelneem in die skool se formele Oosie-drag.
- Atlete is nie verplig om by skool se afrigters te oefen nie.

Atletiekverkope – produkte benodig

Ons is reeds midde die atletiekseisoen en het nog net twee tuisbyeenkomste hierdie kwartaal naamlik die Moot- en Valentynsbyeenkomste. Ons is afhanklik van bydraes van ons ouers en wil graag 'n versoek rig vir die volgende twee produkte wat ons nog benodig vir ons kosstalletjies.

Benodighede vir stalletjies:

Leerders kan die volgende produkte OP 3 FEBRUARIE by hul voogonderwysers ingee. Ons het almal se skenkings dringend nodig.

- Rice Crispies (oorspronklike geur nie VANILLA nie - generiese handelsnaam is reg)
- Blikke Caramel Treat (spesifiek Nestlé)

Alternatiewelik kan ouers 'n eenmalige skenking gee van R80 per kind, (kaartmasjien beskikbaar by finansieskantoor) of per EFT met verwysing ATLETIEKVERKOPE (geen kontant).

U ondersteuning word opreg waardeer.

E-sport

Registrasie

Leerders wat belangstel in E-sport kan registreer vir 2025. 'n Volledige skrywe word in harde kopie uitgegee en is op die skool se [webwerf](#) beskikbaar.

Bedrag : R100 registrasiefooi per leerder
Verwysing : E-sport+leerder voorletter en van (Byvoorbeeld: "e-sport P Pompies")
Betaling : Voor of op 7 Februarie 2025

Enige navrae kan gerig word aan e-sport@oos-moot.co.za.

Krieket

Bepalings en uitslae

Die eerste kwartaalbepalings vir die onderskeie krieketspanne asook die uitslae is op die [webwerf](#) beskikbaar.

Netbal

Voorseisoenoefensessies

Die spelers wat by nie by die eerste kwartaal seisoensportaktiwiteite bv. swem, atletiek, krieket, ensovoorts betrokke is nie, kan inskakel by die voorseisoenoefening.

Rolbal

Villieria Rolbalklub hou 'n OPEDAG vir alle belangstellende leerders wat rolbal wil speel.

Datum : 21 Februarie
Tyd : 14:00 to 17:00
Plek : Villieria Rolbalklub

Navrae kan gerig word aan me S van Blerk (rolbal@oos-moot.co.za)

Rugby

Voorseisoenoefensessies

Die spelers wat nie by die eerste kwartaal seisoensportaktiwiteite bv. swem, atletiek, krieket, ensovoorts betrokke is nie, kan inskakel by die voorseisoenoefening

Swem

Oefentye (reeds begin en busvervoer word verskaf)

Dae : Maandae, Dinsdae en Woensdae
Tyd : 15:30 tot 16:30
Plek : Laerskool Pierneef

Galadatum

6 Februarie Woodhill

Midmarmyl

Die Midmarmyl vind in Pietermaritzburg, KZN plaas.

Datum : 6 tot 9 Februarie
Vertrek : 6 Februarie om 08:00

Keer terug : 9 Februarie om 16:00

Deelnemende Oosie-swemmers: Megan Kemp, Dylan Engelbrecht, Ivan Fourie, Logan Love, Chevonne du Plessis, Amelie Roos en Andriette Pretorius. Gert Gelderblom (individueel maar nie 'n Oosie nie)

Betrokke personeel: Me S Visser en C Ludick en L Mathee (spanbestuurder)

Navrae kan gerig word aan me L Mathee (swem@oos-moot.co.za)

Tafeltennis

Oefening

Alle belangstellende leerders is welkom. Die skool verskaf toerusting. Leerders wat hul eie *bat* het kan dit saambring.

Datum : 28 Januarie (begin amptelik)

Dae : Dinsdae en Donderdae

Tye : 14:00 tot 16:00

Navrae kan gerig word aan mej J Geldenhuys (tafeltennis@oos-moot.co.za)

KULTUUR

Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.

Kultuur skop die jaar af met verskeie oudisies:

Datum	Aktiwiteit
3 Februarie	Tienertoneel
4 Februarie	Rasieleiers (Gr.8 en nuwe leerders)

Eco-Oosies

Belangstellende leerders kan aansluit deur die QR-kode vir lidmaatskap buite K38 met hul selfone te skandeer (*slegs na skool*) of 'n gedrukte kode (in 'n sakkie buite K38) te neem en by die huis te skandeer.

Kunsklub

Sluit aan

Die kunsklub begin op 4 Februarie 2025. Belangstellende leerders kan aansluit deur die QR-kode vir lidmaatskap buite K38 met hul selfone te skandeer (*slegs na skool*) of 'n gedrukte kode (in 'n sakkie buite K38) te neem en by die huis te skandeer.

Mnr en Mej Oos-Moot

Finalistebal

Datum : 8 Februarie

Tyd : 18:30 tot 21:30

Plek : Skoolsaal

Kaartjies : By finaliste beskikbaar. Kaartjies is beperk.

Gala-aand

Datum : 26 Maart

Tyd : 19:00

Plek : Skoolsaal

Kaartjies : Verkope open op 12 Maart by die Kultuurkantoor.

Koste : R130 (gewone kaartjies met ongeallokeerde sitplekke)

R160 (goue sirkel kaartjies)

Rasieleiers

Oudisies

Datum : 4 Februarie

Tyd : 14:30 tot 16:00

Plek : Grasperk agter die pawiljoene (atletiekveld)

Redenaars en Public Speaking

Uitdunne

Belangstellende leerders kan hul name by me L Bezuidenhout (K68) gaan opgee.

Juniors en Seniors (Redenaars)	19 Februarie		
Aankondiging van deelnemers vir gala-aande	24 Februarie		
Public Speaking gala-aand	3 Maart	16:00 tot 20:00	Personeelkamer
Redenaars gala-aand – Juniors	5 Maart	16:00 tot 20:00	Personeelkamer
Redenaars gala-aand – Seniors	5 Maart	16:00 tot 20:00	Personeelkamer

Vir die interne gala-aande mag enige onderwerpe vir die toesprake gebruik word. Indien die leerders aan verdere kompetisies wil deelneem, moet van die ATKV temas gebruik maak.

Revue en All Stars

Ons herinner ouers graag aan die ouervergadering.

Datum : 4 Februarie
Tyd : 20:00
Plek : Skoolsaal

Ons versoek vriendelik, dog ernstig dat alle betrokke ouers hierdie baie belangrike vergadering sal bywoon.

Tienertoneel

Oudisies

Datum : 3 Februarie
Tyd : 14:00 tot 16:00
Plek : Skoolsaal

Alle leerders is welkom. Leerders wat Wiskundesentrum bywoon kan vanaf 15:00 die oudisies bywoon.

OOSIE-AKTIWITEITSFOTOGRAWIE



Die skool het 'n groot verskeidenheid sport-, kultuur- en sosiale aktiwiteite. Dit is nie vir die skool se fotograaf (onderwyseres) moontlik om al hierdie aktiwiteite alleen te dek nie.

Ons het daarom die Oosie-Aktiwiteitsfotografie begin om ons leerders en ouers wat belangstel in fotografie en/of 'n liefde het vir fotografie (h'n eie kamera besit en reeds foto's neem by hul eie kinders se aktiwiteite) te vra, om deel van die aktiwiteitsfotografie te word.

So word ons van foto's van 'n groter verskeidenheid van ons aktiwiteite voorsien vir ons skoolmedia (koerantartikels, webtuiste, sosiale media, ens.). Mnr J Redelinghuys (onderwyser) koördineer die aktiwiteitsfotografie en ons nooi belangstellende ouers en leerders om hom te kontak (j.redelinghuys@oos-moot.co.za).

SOSIALE MEDIA PLASINGS – ERKENNING VAN BUIETPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buietprestasies ons op ons platforms sal deel.

SOSIALE MEDIA PLASINGS

Ons sal voortaan erkenning gee aan buietprestasies wat verband hou met:

- ✓ Die skool se erkende sportsoorte
- ✓ Kultuuraktiwiteite wat ons aanbied
- ✓ Akademiese prestasies (vakverbonde bv. visuele kuns, kookkompetisies, skryfkompetisies, ens.)

☛ Wat is nodig vir plasing?

- Volledige besonderhede oor die prestasie
- 'n Hoë kwaliteit foto waarop die leerder duidelik sigbaar is

⚠ Geen foto = geen plasing

ERKENNING TYDENS SKOOLOPENINGE EN TOEKENNINGSAADE

Alle leerders wat uitblink in buietprestasies in sport, kultuur of akademie (*hoef nie verband te hou met die skool se erkende aktiwiteite nie*) kan in aanmerking kom vir Fakkeltokennings by ons jaarlikse prysuitdelings. Volledige inligting en die 2025 skakels waar die inligting en foto's deurgegee kan word, sal in die volgende nuusbrief beskikbaar gestel word.

AVS TOEKENNINGS

Ons beseft dat AVS-prestasies vir ons leerders belangrik is, en ons is trots op elkeen se harde werk en toewyding. Volgens riglyne van die Departement van Onderwys en die toepaslike skolewetgewing kan die skool egter ongelukkig nie formele erkenning gee aan AVS-toekennings nie. Hierdie riglyne is gebaseer op beginsels van inklusiwiteit wat deur die departement bepaal word.

Dankie vir almal se begrip en ondersteuning. Navrae kan gerig word aan C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

BUIETPRESTASIES

Alle leerders wat uitblink in buietprestasies in sport, kultuur of akademie kan in aanmerking kom vir Fakkeltokennings by ons jaarlikse prysuitdeling. Ons moedig ons ouers aan om die buietprestasies van ons leerders met ons te deel.

Die skakels na die 2025 Google vorms sal in die volgende nuusbrief beskikbaar gestel word.

BEMARKING

Die bemarkingskantoor nooi ons graad 8 tot 12 ouers, wat belangstel om by die onderskeie bemarkingsgroepe betrokke te raak, om die onderstaande skakels te volg om aan te sluit. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

[Graad 8](#)[Graad 9](#)[Graad 10](#)[Graad 11](#)[Graad 12](#)**GELUKWENSE**

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang.*)

AKADEMIESE PRYSUITDELING: Die Dux-leerders vir die onderskeie grade (2024) is soos volg:

Graad 8 (2024)	Graad 9 (2024)
Christal du Plooy (91.92% gemiddeld) Top presteerder in: Wiskunde en Natuurwetenskap	Juandre Erasmus (94.56% gemiddeld) Top presteerder in: Wiskunde, LO, NW, SW, Tegnologie en Kuns
Graad 10 (2024)	Graad 11 (2024)
Tindall van der Merwe (94.95% gemiddeld) Top presteerder in: Afrikaans, FW, Wiskunde, Rekeningkunde en LW	Lune Coetzee (88.86% gemiddeld) Top presteerder in Rekeningkunde

DANKIE AAN ONS BORGE VIR HUL ONDERSTEUNING

Ons sien daarna uit om nuwe borge te verwelkom en ons verhoudinge met beide ons jarelange en nuwe borge te versterk en daarop voort te bou.

**ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF**

Nuusbriefe word weklíks uitgestuur na alle ouers, leerders, personeel en vir die hele jaar op die skool se webwerf beskikbaar gestel. Belangstellendes kan me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za) kontak.



ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2025

Die nuusbrieff word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brieff word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.

Kostes vir 'n A6 advertensie

1 plasing per maand	R350
2 plasings per maand	R500
3 plasings per maand	R700
4 plasings per maand	R900
Plasing vir die hele jaar	Maandelikse bedrag x 11 (% afslag)

*A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.

Formaat

- Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.
- Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).
- Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.
- 'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.
- Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.

Stel jy belang?

Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913



Oosies

OPEDAG

14 Mei 2025

JOU OMGEE UITLEEF SKOOL



HOERSKOOLOOS-MOOT SE

Royal

HEARTS VALENTYNSBAL

2025

15 FEBRUARIE

18:00 - 22:00
SEMI-FORMEEL

KAARTJES FINANSIES KANTOOR
SJKOLADE & ROSE OP BESTELLING BY ME PRETORIUS K72

PAARTJIE R200
ENKEL R150
LIGTE ETE INGESLUIT

SJKOLADE R30 • ROSE R50

Dra jou kroon. ons sien jou daar!